Beeld
Jou wêreld, Jou koerant

Druk hierdie artikel


# Foto’s wat boekdele spreek in debuut

2012-03-25 21:54

Nicole Jaekel-Strauss

*Wanneer die boek klaar is, is ’n mens spyt om van Jo Bester afskeid te neem. Sy, en Warrington, voeg ’n nuwe, sterk stem tot die Afrikaanse boekewêreld, skryf Nicole Jaekel-Strauss.*

**Oktober**
**Réney Warrington**
**PROTEA, R160**




Foto's · Lesersfoto’s · Nuus in Foto's
Stuur vir ons jou foto's · Stuur vir ons jou foto's

Ons ontmoet Jo Bester een Saterdagoggend met haar kop in haar kussing in haar woonstel in Johannesburg.

Ons eien haar onmiddellik as iemand met haar voete plat op die aarde en sonder veel pretensies; iemand wat ons ken, wat ons graag beter sal wil leer ken.

Ons stap saam met haar deur die boomryke strate van Parkwood ... “verby die klipwerkhuisie met die krom paadjie voordeur toe, wit lakens wat op die draad wapper en drie afskeeppotplante op die stoep ... verby die rankplanthuis, met sy grys wolfhonde, glasvensters wat smelt van ouderdom en die koperkatel se kopstuk wat sigbaar is in die voorste vertrek ... die skinhead in swart geklee met ’n pikante brakkie op ’n leiband ...” tot by die Jozi Food Market.

Ons reis saam met haar Londen toe, maak ’n draai in New York. Ons kyk na haar foto’s.

Jo Bester is die eerstepersoonsverteller en hoofkarakter van Réney Warrington se debuutroman, Oktober, wat pas by Protea Boekhuis verskyn het. En sy kán vertel.

Sy vertel so oortuigend dat die leser uit die staanspoor nie kan help om te wonder of dit Jo, die verteller, of Warrington, die skrywer, is wat die foto’s geneem het wat in hierdie boek verskyn nie.

Elke hoofstuk word ingelei met ’n afdruk in swart en wit en in die middel van die boek pryk ’n versameling foto’s pragtig in volkleur.

Want net soos Jo Bester is Warrington ’n begaafde fotograaf.

Op haar webtuiste vind jy ’n versameling uitsonderlike foto’s; Jo Bester s’n vul weer ’n kontemporêre galery in Londen.

Die leser beleef saam met Jo die spanning rondom 'n solo-tentoonstelling.

Ons sien foto's wat aan die mure van die galery hang, alleenlik vergesel deur die titel van die werk, maar in die teks vertel Jo die stories wat agter die foto's lê, en daarmee saam haar eie verhaal.

Onder meer verskyn die foto "Binnehof".

"Binnehof – 'n Stuk van die binnehof se leiklipvloer. 'n Leiklippaadjie kronkel van daar af deur my ma se bergvarings. Aan die regterkant van die foto loop 'n kraak deur die leiklip van onder tot bo. My ma het my verdedig. Ek, sy en Brian eindig aan die smal kant van die foto op, die res aan die ander kant van die skeur."

Maar die foto's is net deel van die verhaalteks en terwyl dit aanvullend is daartoe en 'n bonus vir die leser is om ook só visueel in die verhaal betrek te word, is die geskrewe teks nie daarvan afhanklik nie en staan dit stewig as die primêre bousteen van hierdie boek.

Die verhaal begin by 'n swaar verlies wat op 'n dag in Oktober ly. Sy probeer die verlies verstaan, verwerk.

Sy vertrek Londen toe en raak nege maande later betrokke in 'n verhouding, maar dit is 'n verhouding met 'n caveat: 'n vervaldatum.

Die vervaldatum is weer Oktober, 'n jaar ná die begin van die roman. Op die agterplat van die boek verskyn die aanhaling dan ook: Wat is die punt van 'n verhouding met 'n vervaldatum? Om die eensaamheid te verlig, antwoord ek.

Saam met die karakter Leigh leer die leser Jo ken, en dit is met 'n eerlike en treffende pen wat Warrington haar karakter ontbloot en laat groei.

Jo se aweregse sin vir humor word uitstekend oorgedra ondanks haar stukkende gemoed, haar frustrasie te midde van die onregverdige verlies wat sy ly en haar soeke na die herwinning van haar vermoë om ander mense toe te laat om naby haar te kom en persoonlik by haar betrokke te raak.

Eensaamheid, die verlede en hoe dit 'n mens vorm, die pyn van afskeid en verlange, familietwis en -vervreemding, die weerloosheid van verhoudings en van die mense wat binne verhoudings staan, is alles temas wat in dié roman ondersoek word.

Die invloed van ouers op hul kinders se lewe word op verskillende vlakke bekyk.

Soms is daar ontknoping. Soms nie.

Die vraagstuk rondom die verwerping van gay lede van 'n familie word in die soeklig geplaas – dit is inderdaad deel van die verhaallyn.

Die onderwerpe is swaar en ons leer die karakters se hartseer deeglik ken, maar die boek is nie donker nie; dit behou 'n ligtheid te midde van die swaarkry.

Dit beeld pyn en wroeging uit as 'n onlosmaaklike deel van menslike bestaan en die leser sien hoe die verskillende karakters elkeen met sy of haar eie hartseer leer leef.

Wanneer die boek klaar is, is 'n mens spyt om van Jo Bester afskeid te neem.

Jy vermoed jy gaan haar mis. Sy, en Warrington, voeg 'n nuwe, sterk stem by tot die Afrikaanse boekewêreld en 'n mens hoop om in die toekoms weer van Warrington te hoor.

Ten slotte bly die vraag of dit die fotograaf is wat skryf, of die skrywer wat die foto’s neem?

Réney Warrington se storie het ’n duidelik filmiese karakter (sy is nie verniet ’n gesiene fliekresensent nie) en haar foto’s spreek boekdele.

Sy kry dit klaarblyklik reg om albei te wees.

*Nicole Jaekel-Strauss is die wenner van verlede jaar se Eugène Marais-prys en UJ-debuutprys vir haar kortverhaalbundel, Maal.*